koste, volume en wins te verstaan en toe te pas in besluitneming; Die verwantskap tussen koste, volume en wins te hanteer by ondernemings met meer as een soort produk en relevante inligting te hanteer en die relevante kostebeginsels toe te pas by besluitneming; Tegnies-gemeenskaplike koste toe te deel by medeprodukte en byprodukte asook besluitneming rakende verdere verwerking te boek te stel; Diensdepartemente se koste toe te deel na produksiedepartemente deur van geskikte toedelingsmetodes gebruik te maak; Lineêre programmering toe te pas as 'n tegniek vir besluitneming in organisasies.

**BRKP311: BESTUURSREKENINGKUNDE: BEPLANNING EN BEHEER**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Sy / haar siening ten opsigte van beplanning en verkwisting in die onderneming te bespreek; Vertroud te wees met die eienskappe waaroor 'n bestuursrekenmeester moet beskik ten einde te beantwoord aan 'n etiese kode; 'n Meesterbegroting op te stel vir beide vervaardigings- en nie-vervaardigingsondernemings en die gebruik van begrotings as deel van die beplanningsproses binne die onderneming te bespreek; Gebruik te maak van veranderlike begrotings vir die doeleindes van kostebeheer in ondernemings, om afwykings volgens oorsake te bepaal en die prestasie van die onderneming te evalueer; Standaardkoste vir die doeleindes van kostebeheer binne ondernemings te kan toepas, sowel as afwykings te ontleed vir materiaal, arbeid en bokoste, sowel as die prestasie van die onderneming te evalueer en aanbevelings te maak; Verslaggewing te kan doen deur middel van beide 'n veranderlike koste en 'n absorpsiekoste benadering te volg, asook die oorskakeling van een benadering na 'n ander te doen en verskil in winste tussen die benaderings te rekonsilieer; Segmentele verslaggewing te doen en oordragprysbepaling te kan doen.

**BRKP321: BESTUURSREKENINGKUNDE: BESLUITNEMING EN FINANSIËLE BESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Rentmeesterskap en die maksimering van aandeelhouersbelang te bespreek; Die verhouding tussen risiko en opbrengs te verstaan en die aanduiders van risiko en opbrengs te kan bereken en interpreteer; Vertroud te wees met langtermyn finansiering binne die onderneming sowel as die bronne van langtermyn en korttermyn finansiering; Die bestaande kapitaalstruktuur te evalueer, die optimale kapitaalstruktuur van die onderneming te bepaal sowel as die koste van kapitaal te bereken; Kapitaalinvesterings- en finansieringsalternatiewe te oorweeg, evaluering daarvan te doen en aanbevelings te maak; Relevante inligting te gebruik vir die doeleindes van besluitneming in die onderneming; Vertroud te wees met die bestuur van bedryfskapitaal; Onderskeid te kan tref tussen alternatiewe dividendbeleide en die invloed van dividendbesluite op die onderneming te evalueer.

**BRKP322: FINANSIËLE VERSLAGDOENING VIR AKTUARIËLE STUDENTE 108**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Vertroud te wees met langtermyn finansiering binne die onderneming sowel as die bronne van langtermyn en korttermyn finansiering; Die effek van die kapitaalstruktuur op die waarde van 'n onderneming te bespreek, die bestaande kapitaalstruktuur te evalueer en die optimale kapitaalstruktuur van die onderneming te bepaal; Die koste van kapitaal vir 'n onderneming te definieer en te bereken en die interaksie tussen die koste van kapitaal en die aard van die investeringsprojek te bespreek; Kapitaalinvesterings- en finansieringsalternatiewe te oorweeg, evaluering daarvan te doen en aanbevelings te maak; Metodes te bespreek om riskante investeringsprojekte te evalueer en die nodige aanpassings vir risiko by die evaluering van investeringsprojekte te maak; Onderskeid te tref tussen

alternatiewe dividendbeleide, die faktore wat in ag geneem moet word by die keuse van 'n dividendbeleid te bespreek en die invloed van dividendbesluite op die onderneming te evalueer.

## BEDRYFSIELKUNDE

### BSKP111: INLEIDING TOT DIE BEDRYFSIELKUNDE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis van en insig in die kerngebiede van die Bedryfsielkunde en die loopbaanvooruitsigte, rolle, funksies en bevoegdhede van geregistreerde beraders en sielkundiges te toon; Kennis van en insig in organisasies as die studieterrein van Bedryfsielkunde te toon; Kennis van en insig in die fisiologiese basis van gedrag (insluitend die senuweestelsel, die endokriene stelsel en genetiese faktore), die kognitiewe basis van gedrag (intelligensie, taal, denke, kondisionering, leer en geheue), die konatiewe basis van gedrag (motivering en houdings) en die affektiewe basis van gedrag (emosies, bui en gevoelens) te demonstreer en kennis en insig toe te pas om die gedrag van individue in die werkskonteks te verstaan, te verklaar en te voorspel.

### BSKP151: BEROEPSGESONDHEID

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard en belangrikheid van 'n veilige, gesonde werksomgewing en 'n werksomgewing wat die kwaliteit van werkslewe van werknemers verhoog te ken en te verstaan; Insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; Maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om 'n veilige en gesonde werksomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe te verseker; Die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die rol wat NOSA (National Occupational Safety Association of South Africa) speel betreffende die handhawing van 'n veilige en gesonde werksomgewing te ken en te verstaan.

### BSKP161: DIVERSITEIT IN WERKSKONTEKS

1½uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die uitwerking van stereotipes, vooroordeel en assimilasie op 'n diverse werksplek te ken en te verstaan; Die waarde van ‘n diverse werksmag te kan motiveer; Verskillende programme wat gebruik kan word om diversiteit te bestuur (bv. regstellende aksie, gelyke geleenthede) te evalueer; Die rol van mensehulpbron-praktisyns in die ontwikkeling en implementering van beleid wat werknemers teen onregverdige diskriminasie beskerm te; Kennis van die primêre beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en ander toepaslike wetgewing ten opsigte van die bestuur van diversiteit te demonstreer.

### BSKP211: PERSONEELSIELKUNDE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard, waarde en funksies van mensehulpbronbestuur en die uitdagings wat daaraan gestel word te ken en te verstaan; Kennis van en insig in posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur te demonstreer, en vaardighede te

gebruik om programme hierin in organisasies te implementeer; Kennis en vaardighede toe te pas om programme in mensehulpbron-bestuur saam te stel en te evalueer.

**BSKP251: BEROEPSIELKUNDE**

1½uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teoretiese onderbou en aard van die beroepsielkunde te ken en te verstaan; Die aard loopbaandinamiek, waarin daar konstante interaksie bestaan tussen die individu wat ‘n beroep beoefen en sy of haar werk / werkgewer / organisasie en die rol wat loopbaan(self)bestuur in hierdie verband speel te ken en te verstaan; Die maniere waarop ‘n individu sy of haar loopbaan en ander se loopbane effektief kan bestuur te ken en te verstaan en hierdie kennis toe te pas om eie loopbaanselfbestuur te bevorder.

**BSKP261: PSIGOPATOLOGIE IN WERKSKONTEKS**

1½uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Gedragsafwykings te ken, te identifiseer en te klassifiseer; Die etiologie van gedragsafwykings te verstaan; Die optrede van individue wat afwykende gedrag toon (in terme van die psigodinamiek), hul prognose en hoe hierdie gedrag funksionering in die werksplek kan beïnvloed te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te kan ontwikkel om mense wat psigologiese afwykings het te hanteer deur besprekings en konsultasies; Te verstaan wanneer individue vir professionele hulp (bv. psigoterapie) verwys moet word; Eie gedrag wat angs veroorsaak te ken en te verstaan.

**BSKP311: ORGANISASIESIELKUNDE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groep- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; Vaardighede te demonstreer om individuele, groep- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en ingrype te doen of te verwys na ander professionele persone; Individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings; Die bevoegdhede van ‘n organisasie-ontwikkelingskonsultant te ken en te verstaan; Veranderinge te identifiseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ‘n organisasiediagnose te doen; Elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te ken en te verstaan.

**BSKP351: PSIGOMETRIE**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om: Sielkundige meting, die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan; Kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer; Verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in ‘n gegewe situasie gebruik kan word; Die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om aanleg, belangstellings en persoonlikheid te bepaal; Protokolle te interpreteer en verslae te skryf oor die resultate van die meetinstrumente.

**BSKP361: NAVORSINGSMETODOLOGIE**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: ‘n Navorsingsmodel en die fokusareas van navorsing by die PU vir CHO te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ‘n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; Die vereistes van ‘n literatuurstudie (insluitend publikasieriglyne) en gebruik vaardighede om ‘n literatuurstudie vir ‘n elementêre navorsingsprojek te skryf te ken en te verstaan; Navorsingsontwerpe, steekproeftrekking en oorwegings rakende die betroubaarheid en geldigheid van navorsing te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ‘n elementêre navorsingsprojek te onderneem en ‘n verslag daaroor te skryf.

## BEDRYFSOSIOLOGIE

### BSOP111: INLEIDING TOT DIE BEDRYFSOSIOLOGIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis en insig te toon in die bestudering van bedryfsosiologie en in die feit dat werknemers, die onderneming(s)organisasie(s) waar hulle werksaam is, asook die aandeelhouers van die onderneming(s)/organisasie(s) ook inskakel by verskillende tipes gemeenskappe; Gevolglik die verantwoordelikheid en die interafhanklikheid van die onderneming(s)/organisasie(s) en die gemeenskap te verstaan.

### BSOP151: SOSIALE PATOLOGIE

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis van en insig in sosiale patologie in werkkontekste toon en hierdie kennis toe te pas in die oplossing van sosiale probeme; Kennis en insig te toon van (die) seisoenwerker(s) en sy/haar/hulle gesin(ne), ontspanning en werk en die gevolge van multikulturele omstandighede in die werksituasie; Die interaksie tussen die ondernemin/organisasie en die gemeenskap te ken en te verstaan.

### BSOP161: SOSIALE VERANDERING

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Sy/haar kennis van en insig in sosiale verandering aan te wend om sodanige veranderinge in ’n onderneming/organisasie doelmatig te bestuur.

### BSOP211: BEROEPSOSIOLOGIE

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die uitdagings wat beroepe aan mense stel, die motivering om te werk, die konflik tussen beroepe, rolteorie en hoe organisasiestruktuur ’n onderneming/organisasie kan beïnvloed, te ken en te verstaan; Kennis van en insig in stratifikasie, mobiliteit en die werking van ondernemings/organisasies op verskillende vlakke te toon; Kennis te dra van demografiese tendense en hoe dit 'n invloed op beroepsgesondheid en veiligheid kan uitoefen.

### BSOP221: GROEPSDINAMIKA

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die studieterrein van groepdinamika, die struktruur en funksies van kleingroepe en die belangrikheid daarvan vir die individu te ken en te verstaan; Groepkommunikasie, groepkohesie, taakgroepe en die belangrikheid daarvan vir kleingroepe en die ontwikkeling van groepdinamika te verstaan.

**BSOP311: TEORIE EN PRAKTYK VAN ARBEIDSVERHOUDINGE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Insig in en kennis van arbeidsverhoudingbegrippe, modaliteite wat arbeidsverhoudinge-regulering beïnvloed, die tripartistiese verhouding, industriële demokrasie, deelname en verteenwoordiging, ontwikkeling van arbeidverhoudinge in Suid-Afrika, wetgewing, vakbonde, kollektiewe bedinging en hoe dit die werkomgewing beïnvloed, te toon; Die dinamiek van stakings, redes vir stakings, werkersverteenwoordiging op ondernemingsvlak deur forums en toekomstige arbeidverhoudingontwikkeling te ken en te verstaan; Kennis van hoe om arbeidverhoudinge effektief te bestuur in die onderneming/organisasie te openbaar.

**BSOP321: BESTUUR VAN ARBEIDSVERHOUDINGE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die studieterrein van arbeidsverhoudinge, die struktuur en funksies van arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika, die praktiese implementering van arbeidsverhoudinge in organisasies, kollektiewe bedinging op ondernemingsvlak, onderhandelinge met vakbonde en werkerdeelname te ken en te verstaan; Kennis en vaardighede te toon om 'n arbeidverhoudingprogram te implementeer in 'n onderneming/organisasie.

**KEUSE-MODULE:**

**BYBI311: BYBELINTERPRETASIE VIR LEWE EN WETENSKAP**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die prinsipiële uitgangspunte met betrekking tot die verstaan van die Bybel te kan verwoord en toepas; Op grond van die Bybel ’n standpunt op ’n geldige wyse formuleer oor aktuele wetenskaps- en lewensvraagstukke; Ten miste die volgende hulpmiddels vir die verstaan van die Bybel effektief te kan gebruik: die studiebybel *Die Bybel in Praktyk* en die *Logos*-rekenaarprogram

**BEDRYFSWISKUNDE**

**BWIN123: PROJEK: FINANSIËLE WISKUNDE**

1½ uur

Aan die einde van hierdie module het die leerder kennis en insig verwerf oor renteberekening, die tydwaarde van geld, huidige en toekomstige waardes, nominaal- en effektiewe koerse en annuïteite en lenings. Die begrippe word in die vorm van ‘n selfdoenprojek aangebied. Die leerder verwerf in hierdie module vaardigheid in die hantering van vaag gedefinieerde probleme, en die integrering van begrippe uit die finansieel-ekonomiese wereld wat met behulp van wiskundige modelle gekwantifiseer kan word en met behulp van rekenaar sigbladgebaseerde implementering opgelos kan word. Spesifieke aandag word gegee aan die afspeel tussen simulasie vs analitiese asook diskrete vs stogastiese modellering van sulke probleme.

**BWIN313: FINANSIËLE WISKUNDE 102A**

3 uur 1:1

*Die doel van hierdie module is om ‘n inleiding tot die aktuariële filosofie en die aktuariële wetenskaplike metode aan die leerder te verskaf. Verder word daar gepoog om die basiese begrippe wat ‘n rol speel in rente berekenings asook beleggingsteorie aan die leerder bekend te stel.*

Aan die einde van hierdie module sal leerders kennis en insig hê in die konsepte onderliggend tot die aktuariële filosofie en aktuariële wetenskaplike metodes, asook veralgemeende kontantvloei modelle, rente en kontantvloei, teorie van rente en saamgestelde rentefunksies, nie-jaarlikse rentebetalings, verdiskonteerde kontantvloeitegnieke, kapitaaldelgings-versekering, annuïteite en stogastiese rentekoersmodelle.

Leerders sal die vaardighede hê wat nodig is om die aktuariële wetenskaplike metode en filosofie te beskryf en implementeer in verskeie beleggingsprobleme. Die leerder sal ook vaardig wees in die hantering van rekenaarpakkette soos MS Excel, @Risk en FinanacialCad.

**BWIN321: PROJEK: EFFEKTEBEURSMODELLERING EN -ANALISE**

1½ uur 1:1

Die doel van die kursus is om die leerder vaardigheid te leer om kennis tussen die basiese dissiplines van Finansieel/Ekonomies, Wiskundig/Statisties, en Rekenaarkundig prakties te integreer, en op ‘n gestruktureerde wyse binne spanverband op vaaggedefinieerde probleme toe te pas

Die kursus dra die beginsels wat in TGWS123 gevestig is, verder uit op ‘n meer gevorderde vlak. Spanwerk speel ‘n groter rol, en daar word meer van leerders verwag in terme van selfstudie en navorsing. Die fokus gaan hier oor die gebruik en ontwikkeling van meer gevorderde stelsels om besluitneming te ondersteun. Die modellering en analise van die gedrag van sekuriteite op die aandelebeurs sal gebruik word as die raamwerk waarbinne die opleiding plaasvind.

Na suksesvolle voltooiing van die module sal die leerder selfstandig sy/haar eie portefeulje op die effektebeurs kan bestuur, en op ‘n effektiewe wyse in ‘n span kan saamwerk, waar die fokus gaan oor die integrasie van kennis uit verskillende dissiplines om bepaalde probleme in die finansiële risikobestuursomgewing

**BWIN323: FINANSIËLE WISKUNDE 102B**

3 uur 1:1

Die doel van hierdie module is om die leerder bekend te stel aan die basiese begrippe wat ‘n rol speel in die veld van beleggingsteorie en in die finansiële sektor.

Aan die einde van hierdie module sal leerders kennis en insig hê in die konsepte en begrippe onderliggend tot regressieteorie, vasterentekoers-draende/vaste rentedraende sekuriteite, die termynstruktuur van rentekoerse, opsies en termynkontrakte asook die werking daarvan.

Leerders sal die vaardighede hê wat nodig is om probleme te hanteer deur gebruik te maak van eenvoudige regressiemetodes en om beleggings- en finansiële probleme in die algemeen te identifiseer en op te los. Die leerder sal ook vaardig wees in die hantering van rekenaarpakkette soos MS Excel, @Risk, FinanacialCad en Statistica.

**BWIN324: AKTUARIËLE WISKUNDE 106**

3 uur 1:1

Die doel van hierdie module is om die leerder bekend te stel aan die basiese aspekte in statistiek wat relevant is vir aktuariële werk. Meer spesifiek sal die klem val op die analise van data vanuit 'n spesifieke oogpunt, die gebruik van waarskynlikheidstellings, stogastiese veranderlikes en verdelings en die toepassing daarvan in risiko teorie en stogastiese prosesse.

Aan die einde van hierdie module sal leerders kennis en insig hê in die konsepte en begrippe onderliggend tot verlies verdelings, herversekering, totale eise uit polisse, ruïneringswaarskynlikhede, Bayes statistiek en Bayes beramers, vertroubaarheidsteorie, tydreeksanalise, afloopdriehoeke, geen eise diskonto skemas en veralgemeende lineêre modelle.

Risiko teorie het verskeie toepassings op verskillende praktiese situasies. Hierdie module bied die leerder die geleentheid om 'n goeie agtergrond te verkry is risiko teorie en om die praktiese vaardighede op te bou om beter te funksioneer in die privaatsektor. 'n Praktiese projek word gedoen en die inferensie prosedure en basiese statistiese tegnieke word gebruik hierin. 'n Geskrewe verslag word ingedien om die leerder se wetenskaplike kommunikasievermoë te ontwikkel.

## INTERNASIONALE HANDEL

**EKIP211: INTERNASIONALE HANDEL**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die ontwikkeling van internasionale handel vanaf merkantilisme tot die moderne handelsteorieë te verduidelik; Die eienskappe van die verskillende internasionale handelsbeleide te verstaan; Die rigtinggewende beginsels van wêreld-handelsorganisasies te ken en hul rol in wêreldhandel te verstaan; Die samestelling en werking van streekshandelsblokke te ken en te ontleed en Suid-Afrika se plek in die internasionale handelsomgewing met betrekking tot sy betalingsbalans- en wisselkoers-, in- en uitvoerposisie, mededingendheid, handelspatrone en e-handelsvordering te begryp en te analiseer.

**EKIP221: INTERNASIONALE FINANSIERING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Finansiële risiko's in internasionale handelstransaksies te identifiseer; Kennis en insig in die verskillende metodes van betaling te hê; Die uitvoerkredietversekeringsindustrie (struktuur en prosedures) te ken; Die prysberekening (kwotasie) van 'n internasionale handelstransaksie te kan doen; Die finansieringsfasiliteite wat vir in- en uitvoerders beskikbaar is, te kan identifiseer; Kennis en insig in gevallestudies oor risiko's, betalingsmetodes, kwotasies en finansiering van uitvoerders te gebruik om moontlike oplossings aan die hand te doen.

**EKIP 321: INTERNASIONALE BESIGHEIDSKOMMUNIKASIE**

3 uur 1:1

At the end of this course, the student should be able to:

- discuss the many circumstances giving rise to the need to communicate with other parties when transacting business at an international level.
- name, and provide practical examples of, the different types of communication (both verbal and non-verbal) that would be used in an international business context.
- give a detailed description of the components of culture, and illustrate with the help of examples how cultural differences present one of the key hurdles to effective communication in an international business context.
- provide practical guidelines on how best to communicate and, where necessary, negotiate (both verbally and non-verbally) with business people from: North America, South America, Asia, Europe and other parts of Africa.
- given practical cases involving a breakdown in communication between a South African and a foreign business partner (e.g. importer, agent,licensee, etc.), identify the source of the problem and recommend an appropriate means of getting the business relationship back on track.

**EKONOMIE**

**EKNP111: DIE WERKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE STELSEL**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Oorsig van die funksionering van die S.A. ekonomiese stelsel te gee en die skaarsheidsprobleem in verhouding met ander kwessies te stel; Die wette van markkragte te kan toepas; Die onderskeie ekonomiese stelsels te kan beskryf, sowel as om die impak van ekonomiese beleidskwessies op deelnemers aan te toon; Marktekorte en –surplusse te kan uitwys; Die resultate ook grafies te kan analiseer, sowel die berekening van verskeie ekonomiese aspekte soos nut, produksiemoontlikhede, geldskeppingsproses en die betalingsbalans en om begrip te toon van die sosio-ekonomiese eise wat Suid-Afrika en multikulturaliteit stel.

**EKNP121: BASIESE MAKRO- EN MIKRO-EKONOMIE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Onderskeid te tref tussen makro- en mikro-ekonomie. Ekonomiese vraagstukke met behulp van makro-ekonomiese teorie te analiseer; 'n Oorsig te ontwikkel vir die interafhanklikhede en verbindings tussen ekonomiese besluitnemers en ook die rol van die verskeie beleide te analiseer; Die verwysingsraamwerk van die ekonomie te begryp waarbinne die relevante feite en verskynsels in praktiese terme geanaliseer kan word; Die dinamika verbonde aan ekonomiese situasies te analisee; Vraag, aanbod en ewewigsituasies in individuele en totale marksituasies te bereken; Ekonomiese veranderlikes soos die BBP, groeikoerse, inflasiekoerse en elastisiteite te bereken en om die invloed van multi-kulturalisme op die ekonomie te bepaal.

**EKNP211: MIKRO- EN MAKRO-EKONOMIE**

2x 2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die besluite wat deur klein ekonomiese eenhede - verbruikers, werkers, eienaars van hulpbronne en besighede – geneem word, beter te verstaan; Die interaksie van verbruikers en besighede en die totstandkoming van ewewigspryse in markte af te lei; Die teorie van produksie en koste af te lei en verskillende

tipes markvorme te beskryf; 'n Kort inleiding oor algemene ewewig te gee; Die interverwantskappe in die makro-ekonomie tussen verskillende ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te ontleed; Die effek van monetêre-, fiskale beleid en eksterne skokke op makro-ekonomiese veranderlikes in 'n oop ekonomie te evalueer; Verskillende beleidsmaatstawwe vir makro-ekonomiese probleme te identifiseer en hoe dit toegepas kan word.

**EKNP221: FISKALE EN MONETÊRE BELEID**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die openbare sektor te omskryf asook om die verskillende tipes regeringsuitgawes te onderskei en hoe en waar inkomste verkry kan word om daardie uitgawes te finansier; Die finansiering van die owerheidstekort deur middel van lenings te bespreek en die uitwerking daarvan op die ekonomie te ontleed - dit is deel van fiskale beleid; Monetêre beleid, asook die beheer van die geldvoorraad en rentekoerse in die ekonomie te beskryf; Die ontwikkeling van monetêre teorie en praktyk te beskryf; Beide die fiskale en monetêre beleid te evalueer om te bepaal of die toepassing daarvan ekonomiese groei, gelykheid, prysstabiliteit en betalingsbalans-ewewig in Suid-Afrika kan meebring; Die noodsaaklikheid van koördinasie tussen fiskale en monetêre beleid in die praktyk te verduidelik.

**EKNP311: ONTWIKKELINGSEKONOMIE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die ekonomiese, streeks- en ontwikkelingsvraagstukke te identifiseer met behulp van kennis oor die multi-dissiplinêre ontwikkelingskonsepte, -strukture, modelle, -teorieë en –beginsels; 'n Teoretiese verwysingsraamwerk van ontwikkeling te gee en verskillende beleidsopsies te ontleed om sosio-ekonomiese vraagstukke aan te spreek; Die dinamiese werking van die arbeidsmark te begryp, die noue verwantskap tussen verwikkelinge in arbeidsmarkte en die vordering met sosio-ekonomiese kwessies te integreer; Die interaksie tussen ekonomiese kwessies en die arbeidsmark te begryp wat van kritieke belang is vir die sukses van 'n "nuwe" Suid-Afrika; Begrip te toon vir die diversiteit van die arbeidsmark in die multikulturele volkshuishouding van Suid-Afrika.

**KEUSE-MODULE:**

**EKNP312: PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die algemene bruikbare terme in die ekonomie te verstaan en reg te kan interpreteer; Op grond van sekere indikatore in die ekonomie die wisselwerking en veral die beweging van die inflasiekoers, rentekoerse, wisselkoerse, belasting en arbeidsklimaat te voorspel; Op grond van die voorspelling korrekte handelswyses te bepaal om die betrokke toestand tot voordeel van hom-/haarself en die werksomgewing reg te hanteer; Die persoonlike finansies reg te bestuur. Dit sluit in die hantering en beheer van tjekrekenings, kredietkaarte, debietkaarte, verbande op eiendom, huurkope, beleggings waaronder aandele en aandeletrusts, kort- sowel as langtermynversekerings en huishoudelike begrotings; Onderling oor die interpretasie en optrede van gebeurlikhede in die ekonomie te debatteer.

**EKNP321: EKONOMIESE ANALISE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die vermoë in hierdie kursus te ontwikkel om die ekonomiese teorie en die toepassing daarvan met behulp van tegnieke, empiries vir die Suid-Afrikaanse omstandighede te toets en voorstelle ter verbetering van die toepassing van die teorie in Suid-Afrika voor te stel; Die bevindings te dokumenteer en per voordrag aan mede leerders en eksaminatore voor te dra.

**RISIKOBESTUUR**

**EKRP 211 – INTRODUCTION TO RISK MANAGEMENT**

3 uur 1:1

At the end of this module, the learner should be able to:
Demonstrate a clear understanding of what risk entails and how to manage risk strategically in a corporate environment in South Africa.
Demonstrate both theoretical knowledge and practical application of the risk management process, i.e. the identification, evaluation and control of risk, in a variety of scenarios.
Demonstrate a clear understanding of the various forms of risk financing strategies, the cost associated with the different strategies and the appropriateness thereof for different risks.

**EKRP 221 – CORPORATE FINANCE**

3 uur 1:1

At the end of this module the learner should be able to:
Demonstrate a clear understanding of the corporate finance function in various forms of organisations.
Analyse financial statements and cash flows of corporates and be able to apply concepts such as present value and net present value.
Apply knowledge of the valuation of bonds and stocks to derive the most appropriate financing strategy for corporates, taking into account the trade-off between risk and return.
Demonstrate a clear understanding of the capital budgeting process and techniques.
Provide insights into the capital structure and dividend policy of corporates.

**EKRP311: BANKRISIKOBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Op 'n inleidende vlak die finansiële en verwante risiko's in 'n finansiële instelling, 'n maatskappy 'n basiese tesourie of 'n verwante struktuur, te verstaan; Die proses om hierdie risiko's te minimeer of te verskans strategies te bestuur; Die rente-inkomste en aandeelhouersbelang van hierdie instellings te maksimeer; Die regulatoriese omgewing te verstaan en bestuur; Finansiële risiko scenario's dinamies te simuleer en bestuur.

**EKRP321: FINANSIËLE MARKTE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die werking van die Suid-Afrikaanse Geld- en Kapitaalmarkte, insluitende SAFEX (South African Futures Exchange), BESA (Bond Exchange of South Africa) en die JSE (Johannesburg Stock Exchange), beter te verstaan; Die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; Die regulatoriese omgewing waarin die markte funksioneer te verstaan; praktiese voorbeelde en

scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van die produkte en instrumente van die markte; Om moontlik as 'n analis, markhandelaar en "back office"-beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing, asook om moontlik as aandele-makelaar te werk.

**EKRP351: AFGELEIDE INSTRUMENT / DERIVATIVES**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om die werking van die JSE (Johannesburg Stock Exchange) en die SAFEX (South African Futures Exchange) beter te verstaan; Die werking van die produkte en instrumente wat in die markte gebruik word, beter te verstaan; praktiese voorbeelde en scenario's van basiese portfoliobestuur te voltooi met behulp van produkte en instrumente van die markte; Om moontlik as 'n analis, markhandelaar, aandelemakelaar en "back office"-beampte te werk in die bank- en tesourie-omgewing.

The learner should be able to: Understand the mechanics of the JSE (Johannesburg Stock Exchange) and the SAFEX (South African Futures Exchange); Understand the mechanics of the products and instruments used in these markets; Complete practical examples and scenarios of basic portfolio management using the products and instruments of these markets; Possibly work as an analyst, a market dealer, a stock broker and back office official in the banking and treasury environment.

**ENGLISH**

**ENGL122: PRACTICAL ENGLISH FOR PROFESSIONAL PURPOSES**

3 hours 1:1

The learner should be able to: Interact, speak, read and write English effectively; Formulate an independent point of view on a variety of topics and express this fluently in English; Read a variety of material with comprehension; Write letters and reports; Be familiar with meeting and interview procedures and techniques; Take notes and make summaries effectively; Develop and offer a presentation; and Work on projects individually and in groups.

**KEUSE-MODULE:**

**ENGLISH**

**ENSW311: ENGLISH FOR THE PROFESSIONS**

1½ hours 1:1

The learner should be able to: Communicate accurately and fluently in English; Use English grammatical structures correctly; Write English accurately and appropriately; Use the appropriate conventions and register of English in a variety of professions.

**VERPLIGTE MODULE:**

**ENTR221: KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Begrip van die kreatiewe proses te kan demonstreer ; Toepaslike kreatiewe probleemoplossingstegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los; Die omgewing te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing te kan identifiseer op alle lewensterreine; Vaardighede te kan toon in die versameling en toepassing van beskikbare inligting; Die entrepreneuriese ingesteldheid te verstaan en te kan toon; Ideegenererend in spanne te kan funksioneer; Die gebruik van entrepreneuriese taal te kan demonstreer; 'n Geleentheidsbenuttingsingesteldheid te ontwikkel; Prioritiserings-vaardighede te toon; Werkspesifieke situasies te kan ontleed en toepaslike oplossings te kan beplan.

**FORENSIESE REKENINGKUNDE:**

**FORP 111: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

The learner should be able to provide an overview of the South African business and legal environment, the role of various professionals, including but not limited to those of external auditors, forensic investigators, internal auditors, management, lawyers and other. The learner should demonstrate a basic knowledge of fraud, corruption and the variations and types of commercial crime.

**FORP 121: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

The learner should be able to describe the role and relevance of forensic investigative accounting in the world and be familiar with the basic definitions of forensic accounting, fraud and other related matters. He/she should know the various role players in the world of forensic accounting as well as the types of services rendered by forensic accounting investigators. The learner should demonstrate a basic knowledge of these services as well as basic methods in rendering these services

**FORP 211: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

Na voltooiing van die module behoort die leerder:

- Grondige kennis te demonstreer van relevante statutêre en gemeenregtelike regsreëls en beginsels ten opsigte van spesifieke ekonomiese misdade;
- In staat te wees om deur seleksie en toepassing van toepaslike regs-prosedures, -reëls, en –beginsels volgens relevante etiese kodes, die owerheid in staat te stel om daders vir hulle wederegtelike en skuldige handelinge of lates wat spesifieke misdade pleeg, te straf;
- Resultate van 'n ondersoek skriftelik in verslagvorm of ook mondeling met die hulp van die nodige IT te kommunikeer.

**FORP 221: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

Learners should demonstrate proper knowledge and interpretation of corporate governance concepts and be able to evaluate, describe and discuss criminal behaviour in general, the reasons why people obey or break the law, the consequences of criminal behaviour and theories about crime and fraud deterrence; and demonstrate sound knowledge into the ethical behaviour required for internal-, and external accountants as well as for forensic investigators.

**FORP 311: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

The learner should demonstrate knowledge and skills in product costing techniques, business valuations, cost estimates and modeling and discounting of future damages; and be able to solve problems/disputes where these calculations are required. The learner should demonstrate a sound knowledge of the assumptions on which these calculations are based in order to facilitate civil disputes both in arbitration and court proceedings. The learner should be able to identify the red flags for fraud and be familiar with misrepresentations in financial statements which may constitute fraud. The learner should demonstrate knowledge of the definition prevention and detection of bribery and corruption, money laundering and asset misappropriations as well as the identification of the red flags thereof.

**FORP 321: Forensiese Rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

Learners should be able to able to demonstrate a sound knowledge and skills in the techniques used in the identification and detection of hidden assets; be able to perform proper forensic investigations according to specific procedures, which is supported by effective and efficient evidence; and be able to demonstrate sound knowledge and skills of data and document management, interviewing skills, effective report writing, sources of information and case conclusion. Data management will entail proficiency in the appropriate South African search engines and available databasis.

**FRANS**

**FRAB111: SAKEFRANS VIR BEGINNERS**

**3 uur 1:1**

Na afloop van hierdie module behoort die leerder voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die leerder behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge, memorandums of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die leerder binne ‘n sakekonteks.

**FRAB121: SAKEFRANS VIR BEGINNERS: INTERMEDIÊR**

3 uur 1:1

Na afloop van hierdie module behoort die leerder voldoende kennis ingewin te hê oor die skryf, lees, analiseer, sosialisering met en begrip van die Franse taal in die algemeen en in sakekontekste in die besonder. Die leerder behoort: Hom/haar in basiese sake- en algemene kontekste te kan uitdruk; Hom/haar mondeling te kan uitdruk met inagneming van die toepaslike kulturele norme wat geld in die Franssprekende sakewêreld; Belangrike artikels wat betrekking het op sy/haar veld van deskundigheid te kan lees; Elementêre aantekeninge, memorandums of briewe te kan skryf. In die loop van die module word ook besondere aandag gegee aan praktiese situasies wat ingestem is op die behoeftes van die leerder binne ‘n sakekonteks.

**FRAN111: FRANS VIR BEGINNERS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; ’n Normale gesprek te kan volg; ’n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

**FRAN121: FRANS VIR BEGINNERS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese gespreksituasies te hanteer, en basiese skryfvaardighede te openbaar; ’n Normale gesprek te kan volg; ’n Kritiese kennis van die Franse kultuur en alledaagse samelewing in die vorm van taal, maniere en gebruike in die nasionale en Europese konteks te openbaar.

## GEOGRAFIE EN OMGEWINGSTUDIE

**GGFN111: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE I**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Biogeografiese streke te onderskei; Fisiese en chemiese eienskappe van grond neer te skryf; ‘n Basiese kennis aangaande Politieke Geografie te demonstreer; Die ekonomies-geografiese verhouding tussen die RSA en sy buurlande te beskryf en konseptueel te analiseer; ‘n Basiese kennis van Demografie te demonstreer; Die eienskappe van enkele kaartprojeksies neer te skryf; Kartografiese bewerkings uit te voer.

**GGFN121: INLEIDING TOT OMGEWINGSASPEKTE II**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kundigheid te demonsteer oor basiese klimatologiese aspekte; Die makromorfologie van die aarde te beskryf; Endogene en eksogene landvormende kragte en prosesse uit te ken; Die invloed van bevolkingverspreiding op ekonomiese ontwikkeling te beskryf; Ekonomiese aktiwiteite te klassifiseer; 'n Basiese kennis rakende ekonomiese stelsels te demonstreer; Ruimtelike interaksie, vervoertipes, -kostes en produkte te beskryf; Wêreldverstedelikingstendense en stedelike nedersettings te beskryf; 'n Basiese kennis van stedelike struktuurmodelle te demonstreer asook statistiese bewerkings uit te voer.

**GGFN211: EKONOMIESE GEOGRAFIESE STATISITIEK EN TOEGEPASTE KLIMATOLOGIE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teorie van Diffusie neer te skryf; Von Thunen en Ricardo se modelle te bespreek; Primêre-, sekondêre-, tersiêre- en kwaternêre aktiwiteite te bespreek; Die hoof-nywerheidsgebiede van die wêreld en die RSA te identifiseer; Die eienskappe van hoë tegnologie-ontwikkelingsgebiede en kantoorparke neer te skryf; Basiese toegepaste klimatologiese beginsels te bemeester; Tephigramme te teken en interpreteer; Die Suid-Afrikaansie klimaat te beskryf; Rekenaargesteunde statistiese bewerkings van geografiese data uit te voer.

**GGFN221: ANTROPOGENIESE VRAAGSTUKKE EN GEOGRAFIESE TEGNIEKE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die sosio-ekonomiese verstedelikingsproblematiek te bespreek; Die invloed van 'n stad op die biofisiese omgewing te konseptualiseer; Die toekomstige aard van verstedeliking en die invloed daarvan op die totale omgewing te bespreek; Beeld-analises, beeldvertolking en –interpretasie te kan uitvoer; Hangprofiele, stroomkanale en lengteprofiele te meet; Stroomvloei te bereken; Grondprofielbeskrywings uit te voer asook geselekteerde weerkundige metings te doen.

**GGFN311: BEGINSELS VAN OMGEWINGSBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Geografiese streke af te baken; Die verband tussen materie en energie in ekosisiteme te beskryf; Die belang van spesieverspreiding en spesiediversiteit vir volhoubaarheid aan te dui; Enkele besoedelingstipes en –meganismes te beskryf; Hulpbronbewarings-bestuursbeginsels neer te skryf; Terreinevaluering aan die hand van geselekteerde parameters uit te voer; Geselekteerde indikatore vir "Status van die Omgewing"-bepalings neer te skryf en te meet; Die "Pressure-State-Response" model te beskryf en breë bestuursmaatreëls vir volhoubare ontwikkeling voor te stel en te evalueer.

**GGFN321: OMGEWINGSBESTUURSINSTRUMENTE EN -HULPMIDDELS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die teoretiese agtergrond en beginsels onderliggend tot omgewingsbestuur neer te skryf; Geïntegreerde Omgewingsbestuur te definieer en toe te pas in situasies van beperkte omvang en diepte, asook 'n basiese kennis oor omgewingsreg en omgewingsinvloedbepaling te demonstreer.

**GGFN322: PRAKTIESE OMGEWINGSIMPAKBEPALINGS EN GEVORDERDE GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Omgewingsinvloede geassosieer met stede, nywerhede, kragvoorsiening, mynbou, landbou en rekreasie te identifiseer; GIS – Databasisontwerp en –implementering oor ‘n wye verskeidenheid van situasies toe te pas; “Featurising” van CAD tekeninge uit te voer; Koppeling van databasisse en GIS-tekendata te bewerkstellig asook kritiese vraagstelling deur middel van GIS uit te voer.

**DUITS**

**GRMB111: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 1**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: algemene, alledaagse gesprekke te volg; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld hoe om ’n maaltyd te bestel, ’n kaartjie te koop, ’n hotelkamer te bespreek en ‘n afspraak te maak; basiese grammatikareëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; maklike tekste, byvoorbeeld briewe, koerantberigte, advertensies, kennisgewings en programme asook vertellings en kortverhale te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, byvoorbeeld ’n CV, ’n poskaart en ’n uitnodiging , te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot behuising, vervoer, ekonomie, samelewing en kultuur; kommunikasie-situasies met voldoende interkulturele sensitiwiteit te hanteer.

**GRMB121: SAKE-DUITS ELEMENTÊR 2**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: algemene kommunikasie in ‘n kantoor- en besigheidsomgewing te verstaan en daaraan deel te neem; basiese kommunikatiewe frases te beheers, byvoorbeeld om iets te bestel of te koop, reisreëlings te tref en navrae oor iets te doen; basiese grammatika-reëls toe te pas; relevante woordeskat te beheers; elementêre tekste wat oor besigheid handel, byvoorbeeld agendas, programme, advertensies, koerant- en tydskrifartikels te lees, te begryp en te vertaal; elementêre tekste, bv. kort sakebriewe en e-pos te skryf; die Suid-Afrikaanse en Duitse samelewing te vergelyk, bv. met betrekking tot werk, opleiding, geskiedenis, ekonomiese en politieke sisteme; kommunikasie- en onderhandelingsituasies met voldoende interkulturele sensitiwiteit te hanteer.

**GRMN111: DUITS ELEMENTÊR 1**

1½ uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om ‘n ete te bestel, ‘n kaartjie te koop, ‘n hotelkamer te bespreek; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte; Elementêre tekste te skryf, bv. ‘n CV, ‘n poskaart, ‘n uitnodiging; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

**GRMN121: DUITS ELEMENTÊR 2**

3 uur 2:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om ‘n artikel te bestel of te koop, ‘n afspraak te maak, reisreëlings te tref; Elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrif-artikels; Elementêre tekste te skryf, bv.

situasie-beskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende; Die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werksgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

## BESIGHEIDSREG

### HRER141: ALGEMENE INLEIDING TOT DIE BESIGHEIDSREG

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die besigheidsreg te kan toepas, 'n gevolgtrekking te kan maak en 'n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om 'n probleem te kan identifiseer en oplos in 'n gegewe feitestel of 'n tipiese kommersiële probleem; 'n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskilllende aspekte van die besigheidsreg.

## REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS

### ITRW111: INLEIDING TOT PROGRAMMERING

1½ uur 1:1

Die student sal basiese kennis en insig verwerf het oor: hoe die rekenaar werk, die onderskeie komponente daarvan en die stoor en manipulasie van data. Verder is ook kennis verwerf oor die benutting en gebruik van sigblaaie. Die module dien as inleiding tot programmering. Die kennis van sigblaai sluit in: tabelle, berekeninge, oordrag van data tussen verskillende toepassings en toepassings-omgewings, funksies en grafieke om data te verwerk en voor te stel. Die leerder sal na voltooiing van die kursus kan bewys lewer dat hy/sy die kennis en insig wat verwerf is, kan toepas in probleemoplossing met behulp van die rekenaar.

### ITRW121: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

### ITRW122: PROGRAMMERING I

3 uur 1:1

Die student sal oor kennis en vaardighede beskik in die grafiese-koppelvlak omgewing om: gerekenariseerde toepassings te ontwikkel in 'n visuele objekgerigte rekenaartaal. Aspekte soos grafiese koppelvlak-ontwerp, gebeurtenis gedrewe programmering, prosedure en objekgerigte programmering met gebruikersvriendelike koppelvlakke sal as basis gevestig wees. Die teorie moet in gegewe probleme prakties toegepas kan word.

### ITRW211: GRAFIESE KOPPELVLAKPROGRAMMERING II

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die komponente van mensehulpbron-bestuur (insluitend mensehulpbron-beplanning, posontleding, werwing, keuring, opleiding, prestasie-bestuur en vergoeding) te ken en te verstaan; Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaanr; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van stres, motivering, leierskap, groepsgedrag en kommunikasie te ken en te verstaan; Die belangrikheid van loopbaan-selfbestuur te ken en te verstaan; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan.

**OPENBARE BESTUUR EN REGERING**

**PUMA 111: GRONDSLAE VAN OPENBARE BESTUUR**

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om

- die grondslae en teoretiese fundering van Openbare Bestuur as dissipline te vertolk
- die multi-dissiplinêre aard van Openbare Bestuur en Administrasie te verstaan
- die verskille tussen openbare en privaatsektor te kan verstaan; en
- die noodsaaklik van goeie regering in die Suid-Afrikaanse konteks te kan vertolk

**PUMA 121: LOKUS EN FOKUS VAN OPENBARE BESTUUR**

**Pk 1x2 1:1**

Ná voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om

- die aard van die verskillende omgewings (polities, ekonomies, tegnologies, kultureel, sosiaal en wetlik/statutêr) wat die werk van die openbare bestuurder beïnvloed, te kan ontleed en verstaan; en
- hy/sy sal in staat wees om bestuurswerk te kan afbaken in byvoorbeeld beskerming, welvaart, maatskaplik en sosiaal, kultureel en opvoedkundig sowel as omgewingsake.
- om die verskillende bestuursfunksies (leidinggewing, beplanning, koördinering, organisering en beheer**) te kan bepaal en verstaan en sal ook in staat wees om dit te kan toepas.**

**PUMA 211: OPENBARE BELEID EN BEPLANNING**

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om

- die beleidmakingproses in Suid-Afrika te verstaan en om sensitiwiteit rakende die rol van die openbare bestuurder in die beleidmakingproses te ontwikkel;
- die beleidsvlakke en rolspelers in beleidmaking te verstaan;
- die impak van beleidsimplementering op die samelewing te ontleed;
- openbare beleid in programme en projekte vir implementering om te skakel;
- projekbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas;
- om die openbare beplanningsproses (doel / missies / doelwitte / strategieë / prosedures / beleid ensovoorts) wat die bestuurder in staat stel om in 'n veranderende omgewing te bestuur, te kan verduidelik en te evalueer;
- die noodsaaklikheid van organisatoriese ontledings in terme van kapasiteit, hulpbronne en infrastruktuur te verstaan en te vertolk ten einde effektief te beplan.

**PUMA 221: DIE REGERING EN VOLHOUBARE ONTWIKKELING**

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die leerder sal in staat wees om

- die sosio-ekonomiese en demografiese konteks van Suid- en Suider-Afrika te ontleed en te vertolk;
- die onderskeie regeringsinisiatiewe vir volhoubare ontwikkeling op nasionale en in 'n Afrika-konteks te ontleed
- alternatiewe diensleweringsmeganismes in terme van hulle toepaslikheid binne die sosio-ekonomiese konteks te vertolk.

**PUMA 311: MUNISIPALE BESTUUR EN NAVORSING**

Pk 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om

- 'n historiese oorsig van munisipale regering in Suid-Afrika te verskaf;
- munisipale grondwetlike en statutêre hervormings in Suid-Afrika te verklaar;
- kernaspekte tot die bestuur van munisipaliteite te verstaan;
- demokrasie op plaaslike owerheidsvlak te verklaar en te ontleed;
- interowerheidsverhoudinge insluitend fiskale reëlings te vertolk;
- munisipale strukture te identifiseer en te vertolk;
- beleidbepaling op plaaslike owerheidsvlak te verduidelik en te ontleed;
- vraagstukke vir munisipale bestuur in Suid-Afrika te identifiseer en oplossings aan die hand te doen;
- alternatiewe diensleweringsmeganismes op plaaslike owerheidsvlak (PPPs) te identifiseer en te ontleed;
- die basiese grondslae van navorsing te verstaan; en
- die verskillende tipes en kategorieë van navorsings te verstaan en te kan toepas.

**PUMA 321: STRATEGIESE OPENBARE HULPBRONBESTUUR**

**Pk 1x2 1:1**

Ná voltooiing van die module sal die leerder in staat wees om

- die noodsaak van strategiese openbare sektor bestuur te vertolk;
- openbare sektorvraagstukke soos die bestuur van verandering, hulpbronbeperkings, gebrekkige vaardighede en ander sosio-ekonomiese aspekte in terme van bestuursuitdagings te ontleed en oplossings aan die hand doen ten einde hierdie vraagstukke aan te spreek;

- menslike hulpbronbestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas; en
- finansiële bestuur in die openbare sektor te verstaan en basiese beginsels daarvan toe te pas.

## ONDERNEMINGSBESTUUR

### ONBP111: INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; Die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; Die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; Die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; Die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; Die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; Beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; Koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; Die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; Die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; Te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word; Kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-onderneminmgs te demonstreer.

### ONBP122: INLEIDING TOT BEMARKINGSBESTUUR

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van bemarking te beskryf; Die bemarkingsproses in ‘n onderneming toe te pas; Die ondernemingsomgewing te verken; Die verskillende faktore wat verbruikergedrag beïnvloed, te identifiseer en te verduidelik; Marksegmentering te doen; Markgeleenthede deur bemarkingsnavorsing te identifiseer; Die produkkonsep te verstaan; Die elemente van die produkkonsep in ‘n werklike produk te identifiseer; Die fases van nuweprodukontwikkeling te verduidelik; Die beginsels van distribusiekanale te bespreek; Die konsepte van fisiese distribusie te verduidelik; Die elemente van die bemarkingskommunikasiemengsel te identifiseer en te verduidelik; Die faktore wat prysbesluite beïnvloed, te bespreek; Die beginsels van die produklewensiklus toe te pas; Bemarkingsbeplanning uit te voer; ‘n Bemarkingsoudit te doen; Die verskillende bemarkingstrategieë te identifiseer en te bespreek; Die uniekheid van internasionale bemarking te verduidelik.

### ONBP212: BEMARKINGSPLAN (VANAF 2006)

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die bemarkingsproses en die bemarkingsbeplanningsproses te verstaan en te kan verduidelik; Kennis aangaande die bemarkingsoudit te kan demonstreer en 'n bemarkingsoudit te kan uitvoer; 'n Produk-oudit as deel van die bemarkingsoudit te kan doen; 'n Kommunikasie-, distribusie- en prysplan vir 'n onderneming te kan opstel; Inligting vir die opstel van 'n bemarkingsplan te kan insamel en vooruitskattings te kan maak; 'n Bemarkingsplan te implementeer en verstaan hoe 'n stap-vir-stap beplanningsisteem werk.

**ONBP213: VERBRUIKERSGEDRAG**

3 uur 1:1

Die leerder moet instaat wees om: Die term verbruikersgedrag en verbruikerswese te kan omskryf; Die verband tussen vebruikersgedrag en bemarking te kan verduidelik en verstaan; Die proses van segmentering, teikenmarkbepaling en posisionering in terme van verbruikersgedrag te kan bespreek. Aan te dui hoe persoonlikheid, lewenstyl, houding, persepsies, motivering, leer en betrokkenheid verbruikersgedrag kan bepaal; Die besluitnemingsproses waardeur verbruikers gaan te kan verduidelik; Te kan verduidelik hoe kultuur verbruikersgedrag beïnvloed; Te kan verduidelik hoe verwysingsgroepe en die gesin die verbuiker se aankoopgedrag kan beïnvloed. Die invloed van bemarkingkommunikasie op verbuikersgedrag te kan bespreek en verstaan; Die elemente wat die Suid-Afrikaanse verbuiker beïnvloed te kan identifiseer en bespreek; Te verstaan hie verbuikersgedrag tussen lande verskil; Die belangrikheid van sosiale verantwoordelikheid in verbruikerswese te verstaan.

**ONBP214: ENTREPRENEURIESE BESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die rol van bestuur, bestuurders, kontemporêre bestuurspraktyke en 'n veranderende globale omgewing te kan ontleed. Die grondslag van beplanning, doelwitstelling, besluitneming individueel en in groepe te kan toepas. Organisering, personeelvoorsiening en menslike hulpbronbestuur asook die bestuur van verandering, stress en innovasie vir 'n klein onderneming te kan hanteer. Leiding, werkspanne, motivering en vergoeding van werknemers, leierskap en vertroue asook kommunikasie en interpersoonlike vaardighede te kan ontwikkel en gebruik. Die waardeketting te kan verstaan en produktiwiteit kan verbeter asook beheer oor aktiwtiteite en hulpbronne te kan uitoefen. Spanbou-oefeninge en toepassings van etiese dilemas in bestuur sal voortdurend aandag ontvang.

**ONBP221: LOGISTIEKE BESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die aard van logistieke bestuur te beskryf; Logistiek as 'n geïntegreerde geheel te verduidelik; Die inkomende kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die uitgaande kant van die logistieke ketting te verduidelik; Die rol en belangrikheid van vervoer in logistiek aan te dui; Die belangrikheid van voorraad te bespreek en om voorraaditems te klassifiseer; Die komponente van totale voorraadkoste te beskryf en te bereken; Die aard en belangrikheid van pakhuise aan te dui; Die internasionale logistieke proses en deelnemers te bespreek.

**ONBP222: VERHOUDINGSBEMARKING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Verhoudingsbemarking uitgebreid te omskryf; Alternatiewe perspektiewe op verhoudingsbemarking te verduidelik; Die verwantskap tussen kwaliteit en verhoudingsbemarking aan te dui; Aan te toon hoe 'n klantgeöriënteerde kultuur vir verhoudingsbemarking geskep word, aan te toon hoe verbintenis by werknemers tot verhoudingsbemarking geskep word, verhoudingsbemarkingstrategieë te beplan en te ontwikkel en aan te toon hoe verhoudingsbemarkingstrategieë geïmplementeer word.

**ONBP224: ENTREPRENEURSKAP**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Groei en verandering in veranderende omgewings te kan identifiseer en die aard van entrepreneurskap vir die vestiging van ‘n eie onderneming of in ‘n groot onderneming te kan verstaan. Die dimensies van entrepreneurskap te ontleed en die verskil tussen die begin van ‘n onderneming en ‘n nuwe projek in ‘n groot ondernmeing te kan verstaan. Kennis te maak met die rol en toepassing van korporatiewe entrepreneurskap, probleemoplossingstyle, produkinnovasie, tegnologie, ‘n stratgie vir korporatiewe entrepreneuskap en die struikelblokke vir korporatiewe entreprneurskap. Die strukturering van ‘n onderneming, beheer van entrepreneuriese aktiwiteite, die ontwikkeling van kultuur en ‘n deurlopende entrepreneuriese proses te verstaan en te kan toepas. ‘n Praktiese projek oor ‘n entrepreneur in ‘n entrepreneuriese onderneming te doen.

**ONBP311: LEWENSVATBAARHEIDSTUDIES**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die produkontwikkelingsproses vir die ontwikkeling van ‘n produk of diens vir ‘n nuwe of bestaande onderneming toe te pas; ‘n Markontleding uit te voer wat ‘n mededinger- en verbruikerprofiel, neigings in die bedryf en teikenmarkidentifisering insluit; Verkoopsyfers, produkkoste, brutomarge, sowel as vestigings- en bedryfsuitgawes te bereken; ’n Proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat op te stel; ’n Projekontleding uit te voer waartydens die beginsels van die tydwaarde van geld met spesifieke beleggingskriteria geïnkorporeer word.

**ONBP312: HANDELSMERKBESLUITE (VANAF 2007)**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die term handelsmerk te verstaan en die bestuur van handelsmerke te verduidelik; Handelsmerkposisionering te kan vestig en verstaan; Handelsmerkprogramme vir effektiewe bemarking te kan beplan en implementeer; Die meting van handelsmerkprestasie te doen en interpreteer. Volhoubare handelsmerkstrategieë te ontwikkel en te implementeer.

**ONBP313: BEMARKINGSNAVORSING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort instaat te wees om: Kennis aangaande die navorsingsproses te demonstreer; ‘n Navorsingsprobleem kan definieër; ‘n Navorsingsontwerp te kan ontwikkel; Data-insamelingsmetodes te kan evalueer en bepaal watter metode die beste sal wees om die probleem te kan hanteer; Steekproefontwerp en data-insamelingstegnieke te kan verduidelik; Data te kan analiseer en te interpreteer; ‘n Navorsingsverslag te kan opstel.

**ONBP321: ONDERNEMINGSPLAN**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: ‘n Gebalanseerde bestuursplan vir ‘n nuwe onderneming saam te stel; Die proforma inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat in die ondernemingsplan te integreer; Die inkomstestaat, balansstaat en kontantvloeistaat te interpreteer deur van verhoudingsontledings, Du Pontontledings en lewensvatbare groeimodelle gebruik te maak; Funksionele planne as deel van die ondernemingsplan te formuleer en ‘n ondernemingsplan vir ‘n nuwe onderneming te ontwikkel en voor te lê.

**ONBP322: PRYSBESLUITE**

3 uur 1:1

Die leerder moet instaat wees om: Die verskillende benaderings tot prysbepaling te kan identifiseer en bespreek; Die faktore wat prysbepaling beïnvloed kan identifiseer en verklaar; Die rol van koste en vraag in prysbepaling te kan verklaar; Die role van verskillende prysdoelwitte / beleide te kan verduidelik; Die verskillende prysbepalingsmetodes kan toepas en verduidelik; Die verskil tussen plaaslike en internasionale prysbepaling te kan bespreek; ‘n Prysstrategie te kan ontwikkel.

**ONBP323: GEÏNTEGREERDE BEMARKINGSKOMMUNIKASIE (GIBK)**

3 uur 1:1

Die leerder moet instaat wees om: Die rol van GIBK in die bemarkingsproses verstaan en kan verduidelik; Die rol van reklame-agente en ander bemarkingskommunikasie-instellings bemarking te kan analiseer; Aan te dui hoe verbruikersgedrag GIBK kan beïnvloed; Die rol van die kommunikasie proses in GIBK te kan verduidelik; ‘n Begroting en doelwitte vir GIBK daar te stel; ‘n GIBK-strategie en progam te kan ontwikkel; Die effektiwiteit van ‘n GIBK-program te kan meet; Te kan verduidelik hoe ‘n GIBK-strategie vir die internasionale mark aangepas kan word; ‘n Evaluering te kan doen van etiese, sosiale en ekonomiese aspekte van bemarkingskommunikasie.

**ONBP324: ENTREPRENEURIESE STRATEGIESE BESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Deur middel van omgewingsverkenning die invloed van omgewingsverandering op die oorkoepelende strategiese bestuursproses te kan verduidelik. Die rolle van verskillende strategiese bestuursvlakke te verstaan. Die huidige prestasie en strategie van ‘n onderneming te kan ontleed as deel van die jaarlikse strategiese proses. ‘n Visie en missie vir ‘n onderneming te kan formuleer. ‘n Mededingingsanalise en ondersoek na die interne omgewing te kan doen. Verskillende strategieë te kan ontleed en ‘n SSGB matriks te kan uitvoer. ‘n Strategie te kan ontwikkel, met inagneming van volhoubaarheid, en te verstaan hoe dit die struktuur en leierskap bepaal en hoe om kultuur te vestig en te verander. Die rol van die taktiese en operasionele planne te verstaan en strategiese, taktiese en operasionele beheer te kan uitoefen wat kan lei tot deurlopende verbetering. ‘n Strategiese bestuursplan vir ‘n klein onderneming te kan ontwikkel.

## TOERISMEBESTUUR

**ONTP111: INLEIDING TOT TOERISMEBESTUUR**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Met die nodige kennis die toerismebedryf te ontleed; Die effek van toerisme op die gasheergemeenskap te identifiseer; Toerisme as ‘n wetenskap wetenskaplik te ontleed; Die ekonomiese invloed van toerisme op die gasheergemeenskap te bepaal; Die vermenigvuldigende effek van toerismebesteding te bepaal.

**ONTP122: GASVRYHEIDBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: die rol van gastehuise in die akkommodasie bedryf te kan analiseer; die historiese ontwikkeling van gastehuise te verstaan; Die strategiese beplannings- bestuurselemente en die implementeringsproses te kan verstaan en te kan toepas in gegewe gevallestudies; Prysbepaling kan toepas; Die beginsels van bemarking, finansiële en voedseldiensbestuur kan implementeer in verskillende situasies; Gastehuise kan evalueer aan die hand van gevallestudies; Die rol van konferensies as deel van die toerismebedryf kan verstaan en gesimuleerde konferensies kan beplan en implementeer volgens die strategiese beplanningsproses en ’n Boddokument te kan ontwikkel.

**ONTP123: SPORTTOERISME EN GEBEURTENISBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Rolspelers en hul funksies te kan onderskei; Die elemente van ’n sportgebeurtenis en sporttoer toer kan analiseer en beplan; Die verhouding tussen sport, avontuur en toerisme kan verduidelik; Die ekonomiese impak van ’n sportgebeurtenis te kan bepaal; Gebeurtenisbestuur te kan analiseer en Die suksesvolle aanbieding van gebeurtenisse kan evalueer.

**ONTP211: TOEGEPASTE TOERISMEBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die pryse vir toerpakkette te bepaal; Met die nodige kennis verskillende finansiële state te interpreteer; Verskillende soorte begrotings saam te stel; Menslikehulpbronbestuur in ‘n toerismeonderneming doeltreffend toe te pas; Posbeskrywings te ontwikkel; Posprestasie te evalueer.

**ONTP 212: ENTREPRENEURIESE TOERISME**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te identifiseer; Te weet wat sleutelsuksesfaktore vir die vestiging van 'n eie toerismeonderneming is en na aanleiding daarvan ‘n onderneming se besigheidsplan in die dienstesektor te kan ontwikkel; Die waarde van internasionale tendense in die toerismebedryf te kan evalueer en in die praktyk te kan toepas; Die relevante wetgewing en impak daarvan op ‘n nuwe besigheid te identifiseer en doeltreffend te kan implementeer.

**ONTP222: ENTREPRENEURIESE TOERISME**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Entrepreneursgeleenthede in die toerismebedryf te identifiseer; Te weet wat sleutelsuksesfaktore vir die vestiging van 'n eie toerismeonderneming is en na aanleiding daarvan ‘n onderneming se besigheidsplan in die dienstesektor te kan ontwikkel; Die waarde van internasionale tendense in die toerismebedryf te kan evalueer en in die praktyk te kan toepas; Die relevante wetgewing en impak daarvan op ‘n nuwe besigheid te identifiseer en doeltreffend te kan implementeer.

**ONTP 223: SPORTTOERISME EN GEBEURTENISBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Sportgebeurtenis te kan organiseer; 'n Sporttoer te kan saamstel; 'n Sportbod te kan uitwerk en 'n groot gebeurtenis (“event”) te kan organiseer; Die verhouding tussen sport, avontuur en toerisme te kan verstaan en te kan verduidelik hoe dit mekaar beïnvloed.

**ONTP 224: WILDPLAASBESTUUR**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Kennis van relevante wetgewing in die wildbedryf demonstreer; Die rol wat wildplase in ekotoerisme speel te kan identifiseer; Kennis van bestuursmetodes om die ekotoerisme ervaring te verhoog te kan demonstreer deur toepasisng in gevallestudies; Aspekte van volhoubare ekotoerisme ontwikkeling te analiseer en implementeer; Die verskillende tipes akkommodasie wat fokus op verskillende markte se behoeftes te beplan en ontwikkel en Bemarkingsmengsels vir verskillende produkte en markte van ’n wildplaas ontwikkel.

**ONTP311: EKOTOERISME**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die ekotoerisme-omgewing deur middel van gevallestudies te ontleed; ‘n Ekotoerismeproduk te beplan en te ontwikkel; Die waarde en invloed van kussonebestuur op toerisme te evalueer; ‘n Lewensvatbare ontwikkelingsmodel te implementeer.

**ONTP321: TOERISME-BEMARKING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Strategiese bemarkingselemente te identifiseer en te ontleed; Verskillende tipes promosiemateriaal te ontwikkel; ‘n Webwerf te ontwikkel; Kommunikasietegnieke deur middel van persverklarings toe te pas; ‘n Strategiese bemarkingsplan saam te stel.

**VHTB311: GASVRYHEIDSBESTUUR: VOEDSEL EN DRANK & VOEDSELDIENSBESTUUR**

3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder kennis, waardes en vaardighede kan demonstreer ten opsigte van die identifisering en evaluering van die nuutste neigings en verkoopstegnieke in die gasvryheidsbedryf; basiese riglyne ten opsigte van dienshiërargie; bereiding en bediening van alkoholiese en nie-alkoholiese dranke; beginsels van professionele, klassieke en moderne voedselbereiding, bedieningstegnieke en metodes van tafeldek asook die beplanning en evaluering van spyskaarte volgens voedselgebaseerde dieetriglyne met inagneming van tradisionele eetgewoontes van verskillende religieuse en bevolkingsgroepe wat in die Suid-Afrikaanse Toerismebedryf verteenwoordig word; berekening van bedryfskostes, produksiehoeveelhede en koste van voedselitems; beskrywing en toepassing van aankoopprosedures, produkkeuse, ontvangs, berging en voorraadbeheer; interpretering van veilige voedselhantering, werknemersgesondheid en higiëne; veiligheid in die werksomgewing; beplanning en bestuur van ‘n voedseldienseenheid in die gasvryheidsbedryf.

## POLITIEKE STUDIES

**POLI111: POLITIEK, STAAT EN REGERING**

1½ uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf; Politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; 'n Ontledende oorsig te kan gee van die benaderings tot en modrne ideologieë in die politiek.

**POLI121: DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die struktuur en komponente van die SA politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf; Te verduidelik wat ko-operatiewe regering is; Die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die SA politiek te Bespreek; Die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik; Die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

## PSIGOLOGIE

**PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat wees om: Die biologiese basis van die mens se gedrag te verklaar deur te verwys na die basiese onderbou van die senuweestelsel, asook die verskillende kognitiewe prosesse wat daardeur ondersteun word.

**PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Begrip te demonstreer vir die self in verhouding tot die groter samelewingskonteks en die emosionele en motiveringsprosesse in 'n kruis-kulturele omgewing te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; Die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; Te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

**PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES A**

2 uur 1 : 1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die verskeie perspektiewe op menswees binne 'n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde 'n persoonlike mensbeskouïng te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

**PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; Die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfases (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

**PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: ‘n Algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

**PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE**

3 uur 1:1

Die leerder sal in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf.

**PSIG312: TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP HULPVERLENING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die verskillende basiese terapeutiese teorieë te bespreek en dit vanuit ‘n Westerse sowel as ‘n Afrika-perspektief te evalueer, te vergelyk, en op praktiese vlak te beoefen.

**PSIG323: GESONDHEIDS- EN HIV VOORLIGTING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en –siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekterisiko’s uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

**PSIG322: FASILITERING VAN MENSLIKE ONTWIKKELING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die basiese onderliggende beginsels ter bevordering van menslike ontwikkeling te beskryf, asook stimulasieprogramme, wat ontwikkel word ten opsigte van perseptuele en emosionele ontwikkeling; taal-, kommunikasie-, interpersoonlike- en lewensvaardighede en die stimulasie van kreatiwiteit, teoreties te begrond, binne groepsverband toe te pas; en te evalueer.

**PSIG353: KRISISINTERVENSIE**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringsisteme, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritieke-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyneffek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

**PRIVAATREG**

**PVRR131: INLEIDING TOT DIE KONTRAKTEREG**

2 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om die algemene beginsels van die kontraktereg te kan toepas, ’n gevolgtrekking te kan maak en ’n aanbeveling te kan maak; Te toon dat hy/sy oor die vermoë beskik om ’n probleem te kan identifiseer en oplos in ’n gegewe feitestel of ’n tipiese kommersiële probleem; ’n Standpunt logies en sistematies te kan formuleer, beredeneer en kommunikeer; Insig te toon in die verband tussen verskilllende aspekte van die kontraktereg.

**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERSKAP**

**RECP 111 - Rekeningkunde: Raamwerk, Grondsale en Toepassing**

**3 uur 1:1**

Die leerder behoort in staat te wees om: Grondslae van rekeningkunde, basiese teorie en begrippe in die algemeen toe te pas; Die eenvoudige transaksies van 'n eenmansaak te boek te kan stel en daaroor verslag te doen; Eenvoudige transaksies rakende ondernemings sonder winsoogmerk te boek te stel en daaroor verslag te doen; Berekening en teboekstelling te doen ten opsigte van versekeringseise; Rekeningkundige rekords te rekonstrueer waar inligting en rekords ontbreek; Behoorlike begrip te toon van die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000, RE 101, RE 108. Die AARP (Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk) standpunte RE 000 en RE 101 toe te pas in gegewe eenvoudige situasies.

**RECP 121 - Rekeningkunde: Inleidende korporatiewe rekeningkunde**

**3 uur 1:1**

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies rakende vennootskappe, insluitend veranderinge in eienaarskap, te boek te stel en daaroor verslag te doen; Transaksies rakende maatskappy en beslote korporasie, insluitend die verandering in eienaarskap, in ooreenstemming met toepaslike gedeeltes uit die betrokke wetgewing, te boek te kan stel en daaroor verslag te doen; (Toepaslike gedeeltes van die vierde bylae van die Maatskappywet, “Wet 61 van 1973, soos gewysig” en Wet op Beslote Korporasies, “Wet 69 van 1984, soos gewysig” word ook in hierdie module ingesluit.) Die leerder moet ook transaksies en aansuiwerings in ‘n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan te boek stel en verwerk.

**RECP211: REKENINGKUNDE: KORPORATIEWE REKENINGKUNDE; ONTLEDING EN VERTOLKING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis en begrip te toon van die Maatskappywet se 4de Bylae en vereistes van die direkteursverslag en dit te kan toepas in die opstel van finansiële state; Om bogenoemde inligting toe te pas in 'n gegewe feitestel; Behoorlike kennis te openbaar van transaksies, waardasies en openbaarmaking rondom beleggings en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; Behoorlike kennis te openbaar van transaksies en openbaarmaking rondom skuldbriewe en dit in 'n gegewe feitestel te kan toepas; Prakties die rekeningkundige hantering van omskepping van verskillende ondernemingsvorme na beslote korporasie/maatskappy toe te pas; Verdienste per aandeel te bereken en te openbaar in die finansiële state; Finansiële state te ontleed met behulp van verhoudingsontleding, verdienste per aandeel (RE 104) en kontantvloei (RE 118), dit krities te bespreek en te evalueer en aanbevelings te maak.

**RECP221: REKENINGKUNDE: INLEIDING TOT AARP EN GROEPSTATE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Behoorlike kennis en begrip van die beginsels neergelê in RE 103 (Netto wins/verlies in die inkomstestaat) en RE 105 (Hure) te openbaar en dit toe te pas in 'n gegewe probleemstelling; 'n Basiese gekonsolideerde inkomstestaat, balanstaat en staat van verandering in ekwiteit met betrekking tot intergroep transaksies op te stel.

**RECP311: REKENINGKUNDE: GROEPSTATE EN KOMPLEKSE GROEPE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state**.**

**RECP321: REKENINGKUNDE: AARP – CAPITA SELECTA**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling.

in 'n gerekenariseerde rekeningkundige stelsel kan te boek stel en verwerk.

**RECP 271 - REKENINGKUNDE: KORPORATIEWE REKENINGKUNDE, ANALISE, EN INLEIDING TOT AARP/IFRS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: 'n Behoorlike kennis en begrip van die beginsels neergelê in verseie AARP/IFRS standpunte te openbaar en dit toe te pas in 'n gegewe probleemstelling; Behoorlike kennis en begrip te toon van die Maatskappywet se 4de Bylae en vereistes van die direkteursverslag en dit te kan toepas in die opstel van finansiële state; Om bogenoemde inligting toe te pas in 'n gegewe feitestel; Finansiële state te ontleed met behulp

van verhoudingsontledings enssovoort, dit krities te bespreek en te evalueer en aanbevelings te maak.

**RECP 371 - REKENINGKUNDE: KOMPLEKSE KORPORATIEWE REKENINGKUNDE EN AARP/IFRS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Gevorderde gekonsolideerde finansiële state op te stel met inbegrip van intermaatskappytransaksies, komplekse groepe en verandering in mate van beheer; Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk rekeningkundig te verantwoord en te integreer met gekonsolideerde finansiële state**.**

Die leerder behoort verder in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP)/IFRS; Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in 'n gegewe probleemstelling

**BELASTING**

**REBP311: BELASTINGTOEPASSING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van 'n bedryf of besigheid. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is.

**REBP321: BELASTINGTOEPASSING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is.

**REBP 221: INLEIDING TOT INKOMSTEBELASTING EN BOEDELBEREDDERING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging en beleggingsinkomste. Die leerder moet ook geskenke – en boedelbelasting kan bereken. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is. Die leerder moet ook die belasting en rekeningkundige hantering van bestorwe en insolvente boedels kan doen met verwysing na die Wet op Bereddering van Boedels no 66 van 1965 en die Ins olvensie Wet no 24 van 1936. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake die boedels kan beredder.

**REBP 312: BELASTINGTOEPASSINGS: VENNOOTSKAPPE, BOERE EN GEVORDERDE BELASTING VAN INDIVIDUE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van ‘n bedryf of besigheid met insluiting van die basiese beginsels van Kapitaalwinsbelasting. Die leerder moet die inkomstebelasting betaalbaar deur boere en vennootskappe kan bereken. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is

**REBP 322: Belastingtoepassing: Maatskappybelastings, Trusts, BTW en Gevorderde KWB**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur maatskappye en trusts te kan bereken . Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) – Wet te interpreteer en BTW te kan bereken. Die leerder moet ook die gevorderde beginsels van Kapitaalwinsbelasting kan bereken en toepas. .. Die leerder moet deur middel van verwysing na wetgewing en hofsake kan motiveer waarom items belasbaar/aftrekbaar is

**REIP311: BELASTING: BELASTING VAN INDIVIDUE EN ONDERNEMINGS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die Inkomstebelastingwet, regspraak en praktyknotas uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te interpreteer; Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur individue te bereken op belasbare inkomste van besoldiging, byvoordele, enkelbedrag ontvangstes en van die beoefening van ‘n bedryf of besigheid.

**REIP321: BELASTING: MAATSKAPPYBELASTINGS, TRUSTS EN ANDER**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die normale inkomstebelasting betaalbaar deur boere, maatskappye en trusts te bereken; Skenkingsbelasting en Boedelbelasting te bereken; Die Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)-Wet te interpreteer en BTW te bereken; Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) te bereken.

## FINANSIËLE REKENINGKUNDE

**REKP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE STELSELS EN ELEMENTÊRE FINANSIËLE VERSLAGDOENING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te verduidelik; Joernale, grootboeke, hulpgrootboeke en kontrolerekenings op te stel; ‘n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereistes van ‘n spesifieke entiteit; Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor eenmansake en vennootskappe.

**REKP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE REKENINGE, VENNOOTSKAPPE EN BESLOTE KORPORASIES**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir ‘n vervaardigigingsonderneming, departementele rekeninge en nie-wins organisasies; Transaksies te boekstaaf met betrekking tot die toelating, uittrede en ontbinding van ‘n vennootskap; Finansiële jaarstate van ‘n beslote korporasies te kan opstel; Versekeringseise te bereken en te boek te stel.

**REKP211: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: FINANSIËLE VERSLAGDOENING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die rekeningkundige terminologie eie aan ‘n maatskappy te kan identifiseer; Die relevante inskrywings met betrekking tot maatskappybelasting, oordragte na- en van reserwes en aandeleuitreiking, te kan maak; Die finansiële jaarstate van ‘n maatskappy op te stel; Kontantvloeistate op te stel, te kan ontleed en interpreteer; Finansiële verhoudings te kan identifiseer en verduidelik en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van die onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvensie.

**REKP221: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: SPESIALE ONDERWERPE EN ELEMENTÊRE GROEPSTATE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf vir die omskakeling van beslote korporasies na maatskappye, maatskappye na beslote korporasies, en eenmanssake en venootskappe na beslote korporasies; Rekeningkundige inskrywings te boekstaaf oor verskillende aspekte van skuldbriewe, beleggings, afbetalingsverkoopooreenkomste en takke; Elementêre gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

**REKP311: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: GROEPSTATE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die behoefte aan gekonsolideerde finansiële jaarstate te verduidelik; Gekonsolideerde finansiële jaarstate op te stel.

**REKP321: FINANSIËLE REKENINGKUNDE: ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK –CAPITA SELECTA**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Finansiële state op te stel ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP); Die beginsels van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te kan toepas en bespreek in ‘n gegewe probleemstelling.

## OUDITKUNDE

**REOP211: OUDITKUNDE: DIE OUDITEUR EN DIE OUDITPROSES**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die historiese ontwikkeling van die ouditprofessie, die struktuur van die professie in Suid-Afrika en die verantwoordelikhede van die eksterne ouditeur te omskryf; Die ouditproses aan die hand van relevante standpunte van Suid-Afrikaanse

Ouditstandaarde te omskryf; ‘n Deeglike begrip van sekere bepalings van die Professionele Gedragskode te toon.

**REOP221: OUDITKUNDE: TOEPASSINGS EN INLEIDENDE REKENAAROUDITERING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: ‘n Deeglike kennis van die vloei van transaksies, interne beheerstelsel en beheerdoelwitte te demonstreer; Transaksiesiklusse te ondersoek en interne beheermaatreëls te evalueer; Beheermaatreëltoetse en stawingsprosedures te ontwikkel en gevolgtrekkings oor die resultate daarvan te maak; ‘n Duidelike begrip te toon van die invloed van rekenaartegnologie op die ouditproses; Ouditverslae op te stel.

**REOP321: OUDITKUNDE: MAATSKAPPYEREGTOEPASSINGS EN REKENAAROUDITERING**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die beginsels van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde in die ouditproses toe te pas; Die Maatskappywe-vereistes van toepassing op maatskappy-oudits te verduidelik en in praktiese gevallestudies toe te pas; Maatskappywet-oortredings te identifiseer en regstellende voorstelle te maak; Sekere beginsels van ouditering in ‘n rekenaaromgewing toe te pas.

## FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL)

**RESP111: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): BASIESE KONSEPTE, REKENINGKUNDIGE SIKLUS EN REKENINGKUNDIGE STELSELS**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Die doel en funksie van rekeningkunde te kan verduidelik; Transaksies vir ‘n eenmanssaak te kan boekstaaf en verslag oor die transaksies te doen; Die inligtingsbehoefte van verskillende gebruikers vas te stel; Joernale, grootboeke, hulpgrootboeke en kontrolerekenings te kan opstel; ‘n Rekeningkundige stelsel te ontwerp wat sal voldoen aan die vereiste van ‘n spesifieke entiteit.

**RESP121: FINANSIËLE REKENINGKUNDE (SPESIAAL): FINANSIËLE VERSLAGDOENING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Transaksies te boekstaaf en verslag te doen oor die finansiële stand van ‘n eenmansaak, vennootskap en nie-wins organisasies; Versekeringseise te bereken en te boekstaaf; Finansiële verhoudings te identifiseer en bereken en die doel en gebruike daarvan te verduidelik in die ontleding van ‘n onderneming se likiditeit, winsgewendheid en solvabiliteit.

## REKENINGKUNDE & REKENAARS

**RRTP211: REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENAARTOEPASSINGS IN REKENINGKUNDE**

4 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis te openbaar van inligtingstegnologie (IT)-begrippe oor inligtingstelsels en vir bestuur van IT, stelselimplementering en -gebruik en algemene gebruik van IT, ontwikkelingstandaarde en –praktyke vir inligtingstelsels, en interne beheer in IT; Bedryfstelsel-, woordverwerking-, sigblad-, en rekeningkundige rekenaarpakkette prakties te gebruik. (*LW: **‘n Praktiese en ‘n teoretiese eksamen word afgelê***: ’n Praktiese twee (2) ure eksamen word ’n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en ’n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

**RRTP 212 - Rekeningkunde en Rekenaars: rekenaartoepassings en rekeningkunde**

4 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Behoorlike kennis te openbaar van inligtingstegnologie (IT)-begrippe oor inligtingstelsels en vir bestuur van IT, stelselimplementering en -gebruik en algemene gebruik van IT, ontwikkelingstandaarde en –praktyke vir inligtingstelsels, en interne beheer in IT; Bedryfstelsel-, woordverwerking-, sigblad-, en rekeningkundige rekenaarpakkette prakties te gebruik. (*LW: **‘n Praktiese en ‘n teoretiese eksamen word afgelê***: ’n Praktiese twee (2) ure eksamen word ’n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en ’n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

**RRTP321: REKENINGKUNDE & REKENAARS: REKENINGKUNDIGE EN OUDITTOEPASSINGS OP REKENAAR**

4 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Grondige kennis te openbaar en toe te pas oor inligtingstegnologie (IT) -begrippe met betrekking tot Rekeningkunde en Ouditkunde, evaluering en ouditering van inligtingstelsels op ‘n basiese vlak, rekenaarsekuriteit en –kontroles, gevorderde rekenaarstelsels en nuwe tegnologie en die invloed daarvan op die ouditeur, en op kontroles en die sake-omgewing; Rekenaartoepassings in databasisse en vir die oordrag van data prakties te gebruik; Gepaste geleenthede om die rekenaar as ‘n sake-instrument te gebruik, te identifiseer; Praktiese vaardighede te demonstreer in die gebruik van rekenaartoepassings in die ouditkundige en finansiële bestuur omgewing. (*LW: **‘n Praktiese en ‘n teoretiese eksamen word afgelê***: ’n Praktiese twee (2) ure eksamen word ’n dag voor die aanvang van die amptelike toets- en eksamenreeks afgelê en ’n Teoretiese twee (2) ure eksamen tydens die amptelike toets- en eksamenreeks.)

**HANDELSREG**

**RHRP121: HANDELSREG: ONDERNEMINGSREG**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die verskillende ondernemingsvorme te toon; Behoorlike kennis en insig van die reg aangaande vennootskappe, beslote korporasies en sekere aspekte van die maatskappyereg te demonstreer; Die relevante regsreëls van die verskillende ondernemingsvorme insake die stigting en totstandkoming, lidmaatskap, interne en eksterne verhoudings en ander relevante regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

**RHRP311: HANDELSREG: GEVORDERDE MAATSKAPPYEREG**

3 uur 1:1

Die leerder behoort in staat te wees om: Teoretiese en praktiese kennis van die reg aangaande die algemene beginsels en administrasie van maatskappye te toon; Die relevante regsreëls

aangaande algemene aspekte van die maatskappyereg, insluitende vermoë en verteenwoordiging, toewysing en uitreiking van aandele, oordrag van aandele, aanbod van aandele, bestuur van die maatskappy, lede- en direksievergaderings, re-organisasies, reëlings en skikkings, die ouditeur, likwidasie en geregtelike bestuur, en ander regsaspekte in gevallestudies toe te pas en regsadvies aan bestuur te verskaf.

**RHRP331: HANDELSREG: MAATSKAPPYEREG**

1½ uur 1:1

